

Adolph, although seven generations and almost 300 years separate us, I know your name well. From what I have learnt about your life I admire and respect you deeply.

You lived a life of selfless giving to others - from the students you taught for many years, to members of the church where you were *koster* until the end of your remarkable life.

I can see the love you shared with all from the close bonds evident amongst your family members. I can see your courage reflected in great-grandsons who trekked inland to pursue a better life.

I am proud to carry your genes within me, honoured that you are my ancestor.

Martina Louw (née Van Breda)
11 Aug 2013

Die Herkoms van Stamvader Adolph Jonker (1718-1779)

Nederige wortels tot steunpilaar van gemeenskap

Martina Louw en Jaco Strauss © 2015



Die Herkoms van Stamvader Adolph Jonker (1718-1779), LOUW M. & STRAUSS J.
Familia-52 2015 no 2

'Familia Artikel van die Jaar 2015' toegeken deur die Genealogiese Genootskap van SA

Weergawe: Sept 2016

Die Herkoms van Stamvader Adolph Jonker

deur Martina Louw en Jaco Strauss

Dit is vanjaar presies 50 jaar gelede dat Dr Abraham Jonker se artikel oor die moontlike herkoms van Adolph Jonker in *Familia*¹ verskyn het en die skrywers² is van mening dat die vooruitgang sedertdien, veral in genealogiese genetika, 'n nuwe poging regverdig het om die eeuue oue misterie te besleg.

Agtergrond

Die herkoms van die stamvader van die JONKER familie in Suid-Afrika, Adolph Jonker, is sedert die 1700's reeds in onsekerheid gehul en die onderwerp van bespiegeling. In April 1772 skryf die Sweedse wetenskaplike en naturalis Anders Sparrman³ oor die koster van Drakenstein (Adolph Jonker): "*He was of black extraction by the mother's side*", wat insinueer dat Sparrman onder die indruk verkeer het dat Adolph se vader dan in teenstelling van Europese herkoms sou wees.

In die laat negentiede eeu laat genealoog Christoffel Coetzee de Villiers⁴ hom liewer glad nie uit oor die herkoms van Adolph Jonker in sy *Geslachtregister der Oude Kaapsche Familien* nie. Die algemene sienswyse onder navorsers in die eerste helfte van die twintigste eeu was dat Adolph Jonker uit Duitsland afkomstig was (Colenbrander⁵, Moritz⁶ en Redelinghuis⁷), ten spyte daarvan het die genealoog dr. John Hoge hom nie onder die Duitse immigrante getel in sy *Personalia of the Germans at the Cape*⁸ van 1946 nie.

In 1958 ontketen dr. Hoge heelwat kontroversie deur te beweer dat Adolph Jonker die seun was van twee vryslawe, Jonker van Makassar en Rosetta van Java. In sy *Verbeterings en Aanvullings op die Geslachtregister der Oude Kaapsche Familien*⁹ haal hy drie bronne aan vir hierdie gevolgtrekking, nl. die testamente van Jonker van Makassar¹⁰ en Rosetta van Bengalen¹¹, asook 'n 1733 slawe vrystellingsbrief¹² van die drie kinders van 'n verbande Prins Catchiri Daijman Mamoedi (ook bekend as Ketees Malocco). Dit wil voorkom asof dr. Hoge aangeneem het dat Prins Mamoedi en Jonker van

¹ JONKER, dr. A.H., 1965. *Die stamvader - Adolph Jonker (I)*. *Familia* 2, 1965.

² Martina Louw is 'n afstammeling van Adolph Jonker en woonagtig in Brisbane, Australië terwyl Jaco Strauss Administrateur van FTDNA se Kaaps-Hollandse DNA Projek is en in Somerset-Wes, Suid-Afrika woon. Beide genealoë is sterk voorstaanders van DNS-genealogie ten einde konvensionele navorsing te ondersteun.

³ SPARRMAN, A. 1785. *Voyage to the Cape of Good Hope, towards the Arctic Circle and around the World: but chiefly into the Country of the Hottentots and Caffres* (1772-1776), London: Printed for G. G. J. and J. Robinson, Pater-Noster-Row.

⁴ DE VILLIERS, C.C. 1893-4. *Geslachtregister der Oude Kaapsche Familien*, Kaapstad: van de Sandt, de Villiers & Co Beperkt.

⁵ COLENBRANDER, dr. H.T., 1902. *De Afkomst der Boeren*. Pretoria: Maatschappij 'Nederland', 's-Gravenhage Dordrecht.

⁶ MORITZ, prof. dr. E., 1938. *Die Deutschen am Kap unter der Holländischen Herrschaft (1682-1836)*. Weimar, Duitsland: Böhlau.

⁷ REDELINGHUIS, J.H., 1954. *Die Afrikaner Familienaanboek en Personalia*. Kaapstad: Publisitas (Edms) Bpk.

⁸ HOGE, dr. J., 1946. *Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806*. Kaapstad: Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis.

⁹ HOGE, dr J., 1958. *Bydraes tot die genealogie van ou Afrikaanse families; verbeterings en aanvullings op die Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familien*. Amsterdam: A. A. Balkema.

¹⁰ Testament (1727): CJ 2604:05 vir Jonker, van Maccassar. Kaapstad Argief


¹¹ Testament (1739): CJ 2609:06 vir Rosetta van Bengaelen. Kaapstad Argief.

¹² Slawe Vrystellingsbrief (1733) *Obligatiën, Transporten van Slaven, Vrijbrieven: CJ 3083*. Kaapstad Argief.

Makassar dieselfde persoon was. Hy staaf egter nie hierdie aanname nie, en die kontroversie duur voort.

In 1965 publiseer dr A.H. Jonker, vader van digteres Ingrid Jonker, 'n artikel *Die Stamvader – Adolph Jonker* in *Familia*¹³, in teenstelling met dr. Hoge se bevindings. Hy ondersteun 'n Europese herkoms, o.a. op grond van Adolph se sterk Christelike geloof, die feit dat hy beide Hollands en Duits goed magtig was, gemagtig was deur die owerhede om 'n swaard te dra, asook sy gebruik van 'n seëlring met sterk Duitse motiewe om belangrike dokumente mee te verseël.

'n Afdruk van Adolph se seël, soos deur hom gebruik op 20 Feb. 1753, het bewaar gebly in die Kaapse Argief:



Daar is heelwat ooreenstemming tussen Adolph Jonker se wasseël en die Jonker familiewapen in *Die Groot Afrikaanse Familienaanboek*¹⁴ deur dr. C Pama. Beide sluit in twee jaghorings, vier rose en vier halfmane. Die oriëntasie van die halfmane verskil egter soos hieronder gesien kan word:



Dit wil voorkom asof dr. Jonker vir dr. Pama oortuig het van Adolph Jonker se vermeende Europese herkoms aangesien hy dr. Jonker se artikel die volgende jaar (1966) as verwysingsmateriaal gebruik het met die hersiening van C.C. de Villiers se *Geslachtregister der Oude Kaapsche Familien*¹⁵.

¹³ JONKER, dr. A.H., 1965. *Die stamvader - Adolph Jonker (I)*. *Familia* 2, 1965.

¹⁴ PAMA, dr. C., 1983. *Die groot Afrikaanse Familienaanboek*. Kaapstad: Human & Rousseau.

In die tweede helfte van die twintigste eeu begin al hoe meer navorsers in hulle publikasies vir Jonker van Makassar en Rosetta van Java as Adolph Jonker se ouers aangee; bv. Malherbe¹⁶ in 1959 en Heese & Lombard¹⁷ in 1986. Meer onlangs, in 2013, het daar 'n publikasie verskyn deur Mansell Upham¹⁸ wat soos Hoge ook argumenteer dat Jonker van Makassar dieselfde persoon was as die verbande Prins Catchiri Daijman Mamoedi van Ternate.

Die skrywers van hierdie nuutste artikel is van mening dat die tyd ryp was om moderne tegnologie te koppel aan hernude navorsing ten einde die onsekerheid rondom stamvader Adolph Jonker se herkoms vir eens en altyd op te klaar.

Jonker DNS Resultate

Die manlike Y chromosoom word slegs van vader na seun oorgedra en laat ons dus met 'n wetenskaplike metode om 'n genetiese verwantskap tussen twee mans te kan bevestig, asook die Y-DNS genetiese profiel van die gemeenskaplike paterlinière voorouer wat hulle deel. Sodanige profiele word as haplogroepe gedefinieer aan die hand van Y-DNS mutasies wat met tussenposes plaasvind oor lang periodes van tyd.

'n Haplogroep¹⁹ kan gesien word as 'n voorouer "stam", in der waarheid 'n groot "familie" soos die Kelte, Saksers of Vikings wat 'n klein aantal haplogroepe in gemeen sal hê. Aangesien die oorerwing van Y-DNS ooreenstem met die moderne tradisie waar vanne vererf in die paterlinière lyn, toets draers van dieselfde van gewoonlik positief vir dieselfde haplotipe.

Twee manlike Jonker afstammelinge wat van verskillende seuns van stamvader Adolph Jonker afstam, is deur die skrywers genader om deel te neem aan Jaco Strauss se *Kaaps-Hollandse Y-DNS Projek*²⁰ en het ingestem om Y-DNS toetsing deur FTDNA²¹ te ondergaan. Een deelnemer is Hennie Jonker, 'n neef van Martina Louw en afstammeling van Adolph Jonker se 3de kind Pieter (gebore 1745). Die ander is dr. Koos Jonker, halfbroer van die digteres Ingrid Jonker en wat dus afstam van Adolph se 10de kind Johannes Jonker (gebore 1760)²².

¹⁵ DE VILLIERS, C.C. & PAMA, C., 1966. *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*. Kaapstad: Balkema.

¹⁶ MALHERBE, DF du T, 1959. *Driehonderd Jaar Nasiebou - Stamouers van die Afrikanervolk*. Stellenbosch: Tegniek.

¹⁷ HEESE, J.A. & LOMBARD, R.T.L., 1986-1992. *Suid Afrikaanse Geslagregisters*. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

¹⁸ UPHAM, M., 2013. *Uprooted Lives (UL28): God's Slave and the Afrikaner 'Hearts of Darkness' – Abdullah alias Adolph Jonker c.1707-1779*. http://www.e-family.co.za/ffy/remarkablewriting/UL28_Jonker.pdf


¹⁹ *Haplogroup*, <http://en.wikipedia.org/wiki/Haplogroup> (soos op 22/02/2015)

²⁰ STRAUSS J. FTDNA Cape Dutch Y-DNA Stamvader Project:

<http://familytreedna.com/public/CapeDutch/default.aspx?section=goals> (soos op 22/02/2015)

²¹ FamilyTreeDNA, <https://www.familytreedna.com> (soos op 22/02/2015)

²² GELDENHUYSEN, G, *Genealogiese opmerkings oor Abraham en Ingrid Jonker*. Capensis 2013/1, pp 4-11



Die DNS uitslae²³ het bevestig dat hierdie twee mans 'n onlangse gemeenskaplike voorouer in die direkte manlike lyn deel. Die vergelyking is wel net gedoen oor 12 merkers waarvan twee verskil, maar aangesien hul gedeelde makro Y-DNA haplogroep K-M9²⁴ uiters skaars is en 'n paar mutasies oor 3 eeuë heen heel normaal en te verwagte is, laat dit geen twyfel dat hierdie ook Adolph Jonker se haplotipe was nie.

Kit Number	Name	Paternal Ancestor Name	Haplogroup	DYS393	DYS390	DYS19	DYS391	DYS385	DYS426	DYS388	DYS439	DYS389i	DYS392	DYS389ii
JONKER van Makassar (arr bef 1717)														
MIN				13	25	14	10	12-12	11	10	12	13	14	29
MAX				13	25	14	10	12-12	11	12	12	13	14	30
MODE				13	25	14	10	12-12	11	12	12	13	14	30
294668	Jonker	Jonker van Makassar, + 1727 Cape of Good Hope	K-M9	13	25	14	10	12-12	11	10	12	13	14	30
307308	Jonker	Adolph Jonker (1718-1779)	K-M9	13	25	14	10	12-12	11	12	12	13	14	29

Adolph Jonker se afstammelinge deel 'n kombinasie van Y-DNS wat so raar is dat daar in FTDNA se omvangryke databasis van oor die halfmiljoen Y-DNS profiele²⁵, nie 'n enkele ooreenstemmende profiel vir hul DNS gevind kon word nie. In beide gevalle moes 'n spesiale addisionele in-diepte ("backbone") toets eers gedoen word om hulle makro haplogroep te kon bevestig.

Die Haplogroep K-M9 is 'n baie ou groep met 'n oorsprong omstreeks 47 000 jaar gelede in Asië of Oos-Asië. 'n Kombinasie van huidige genetiese en argeologiese kennis dui aan dat die oer-voorouers van mense wat aan die Austronesiese taalgroepe behoort (soos Indonesië) ongeveer 8000 jaar gelede

²³ STRAUSS J. Cape Dutch Y-DNA Stamvader Project:

<https://www.familytreedna.com/public/CapeDutch/default.aspx?section=ycolorized> (soos op 22/02/2015)

²⁴ Haplogroup K-M9, http://en.wikipedia.org/wiki/Haplogroup_K-M9 (soos op 22/02/2015)


²⁵ FAMILYTREE DNA, About The Family Tree DNA Database: <https://www.familytreedna.com/why-ftdna.aspx> (soos op 22/02/2015)

versprei het vanaf Sjina na Taiwan, en daarna oor etlike duisende jare in verskillende groepe geseil het na verskeie areas in Austronesië, o.a. Indonesië²⁶.

Onlangse navorsing deur een van die wêreld se voorste genetici wat spesialiseer in die ontleding en klassifisering van DNS in suid-oos Asië, dr. Tatiana Karafet²⁷, het geleei tot 'n nuwe herverdeling van die subhaplogroepe van haplogroep K in 2014.

In persoonlike korrespondensie met dr. Karafet het sy die Y-DNS merkers van Adolph Jonker se manlike afstammeling geïdentifiseer as "hoogs waarskynlik" van 'n baie raar nuwe sub-haplogroep K-P397, waarvoor daar tans nog nie deur FTDNA 'n bevestigende toets beskikbaar is nie.

Meer inligting oor haplogroepe, asook 'n grafiese uitbeelding van hul verspreiding oor die wêreld kan nagegaan word by die DNAExplained²⁸ – Genetiese Genealogie webwerf wat ook duidelik die verspreiding van haplogroep K in suid-oos Asië aandui. Sien die donkergroen groepe in die kaart vanaf die webwerf wat hieronder weergegee word:



²⁶ DIAMOND, J.M., 2000. *Taiwan's Gift to the World*. Nature: 2000 Feb. 17;403(6771):709-10.

²⁷ KARAFET T.M. et al, 2014. *Improved phylogenetic resolution and rapid diversification of Y-chromosome haplogroup K-M526 in Southeast Asia*. Published online at

<http://www.nature.com/ejhg/journal/v23/n3/full/ejhg2014106a.html>; European Journal of Human Genetics 23, 369-373 (March 2015).

²⁸ MACDONALD J.D. 2005, *Y haplogroups of the World*. <http://dna-explained.com/2013/01/24/what-is-a-haplogroup/> (soos op 26/02/2015)

Argiefbronne

Identiteit van Adolph Jonker se Ouers

Die positiewe resultaat van 'n Oosterse Haplotipe vir Adolph Jonker laat ons dus met twee kandidate wat deur die jare as sy moontlike vader geopper is. Hulle is die vrygestelde slaaf en visserman Jonker van Makassar van die Indonesiese eiland Sulawesi; en die uitgeweke prins en bandiet Catchiri Daijman Mamoedi van Ternate in die Maluku eilande noord-oos van Sulawesi. Hoge en Upham het verder geargumenteer dat hierdie twee here een en dieselfde persoon was, maar die beskikbare feite weerlê daardie moontlikheid.

Die skrywers se bevinding is dat Jonker van Makassar en Rosetta van Java ongetwyfeld Adolph Jonker se ouers was en die redes hiervoor word deeglik in die res van die artikel bespreek.



Die ligging van Java, Sulawesi en Maluku (Indonesië)²⁹

Betekenis van "Jonker"

"Jonker" was 'n Hollandse aanspreektitel³⁰ vir iemand van adellike herkoms sonder 'n titel, 'n jong edelman of 'n seun van 'n edelman. Na die Hollandse oorname van handel in Makassar in 1667 by Portugal, het heelparty lede van die Makassar adelstand wat voorheen nou betrokke was by die Portugese handel, óf gevlug na ander areas in suid-oos Asië, óf is teen hul sin weggevoer na ander streke onder Hollandse beheer³¹. Dit is dus moontlik dat Jonker van Makassar een van hierdie uitgeweke edelmanne se seuns kon wees, maar dit is natuurlik bloot bespiegeling.

²⁹ FITZGERALD P., *Map of Indonesia (overview/regions)*. <http://www.worldofmaps.net/en/asia/map-indonesia/map-regions-indonesia.htm> (soos op 22/02/2015)

³⁰ VAN DER SIJS N. (2010): *Jonker (Aanspreektitel voor adelborst)*

<http://www.etymologiebank.nl/trefwoord/jonker> (soos op 23/02/2015)

³¹ WARD K., 2009. *Networks of Empire: Forced Migration in the Dutch East India Company*. USA: Cambridge University Press, pp 196.

Jonker van Makassar

Terwyl die meeste vrygestelde slawe, of vryswartes, brandarm was³², kon Jonker van Makassar sy eie vissersboot bekostig en relatief kort na sy vrystelling reeds sy eerste slaaf aankoop³³, gevvolg deur ander. In sy testament³⁴ laat hy 4 slawe na om sy gesinslede te dien. Jonker was sonder twyfel baie hardwerkend, maar sy besigheidvernuf, ambisie en vermoë om uit te styg bo die algemene sukkelaaarsbestaan van die gemiddelde vrygestelde slaaf kan moontlik ook 'n indikasie wees van 'n bevoorregte lewe voor sy verslawing.

Jonker van Makassar is vrygestel tussen Januarie 1717 (afwesig in die 1716 opgaafrol) en Mei 1718 toe hy vir die eerste keer as vry persoon bg. slawetransaksie aangaan. Sy vrou Rosetta is in dieselfde tydperk bevry, want sy kom ook nie in die 1716 opgaafrol voor nie maar wel soos hy, in die 1719 een.

Prins Mamoedi van Ternate aan die ander kant was 'n familieelid van die koning van Ternate wat skuldig bevind is aan verkragting en in Januarie 1704 Kaap toe verban is³⁵. Die verbanning was in stede daarvan om tereggestel te word en 'n poging om die koning verleenheid te spaar. Uit die staanspoor reeds - as banneling en nie as slaaf nie – het hy slawe transaksies aangegaan. So het hy byvoorbeeld die slaaf Arend van Ternate reeds in 1705³⁶ en Slammat van Makassar in 1706³⁷ aangekoop. In teenstelling met Jonker van Makassar word daar nooit in enige bron na hom verwys as 'n "slaaf", of "vrygestelde slaaf" nie.

Beroep

Jonker van Makassar was 'n gesinsman wat gewoon en gewerk het as vry visserman aan die Kaap tot met sy dood in 1727. Nadat 10 skepe in die nag van 16/17 Junie 1722 in Tafelbaai – naby die mond van die Soutrivier - verwoes is, is vissermanne maande lank verbied om in daardie area vis te vang ten einde plundery van uitgespoelde ware te verhoed. Elf vissermanne, insluitende Jonker van Makassar en mede-Makkasarees Titus Jacobsz³⁸ (wat 9 jaar later as getuie by die doop van Jonker se dogters sou optree), onderteken einde 1722 'n petisie³⁹ teen hierdie besluit. Hulle voer aan dat die Soutriviermond besonder ryk is aan vis en hulle sukkel om genoeg vis in die Roggebaai area te vang.

Die dag toe die petisie aan die Politieke Raad voorgelê is, op 22 Desember 1722, was Prins Mamoedi van Ternate reeds bykans 'n maand lank in ballingskap op Robbeneiland. Hy is 24 November 1722 tot lewenslange gevangenisskap op die eiland gevonnis⁴⁰ vir erg onsedelike gedrag wat onder andere die bedryf van 'n bordeel ingesluit het.

³² GILLIOMEE H., 2004. 1731 de la Fontaine Report: "Vrijswarten, of ex-bandieten zijn doorgaans arm, veele bestaan van visschen"

³³ SHELL R. *Slave Transactions 1658-1731*: Jonker van Makassar koop slaaf November van Matthijs Perreira (24/05/1718).

³⁴ Testament: Jonker van Makassar, MOOC 7/1/4 – 33 (24 Jan 1727). Kaapstad Argief.

³⁵ LEIBBRANDT H.C.V. (1896). *Precis of the Archives, Letters Received 1695-1708*, no 282, p512, of 03/01/1704 and no 276, p437 of 01/02/1704. Kaapstad: W.A. Richards & Sons

³⁶ SHELL R. *Slave Transactions 1658-1731*: Kiaij Moedja koop Arend van Ternate (09/10/1705).

³⁷ SHELL R. *Slave Transactions 1658-1731*: Daij Mamoetje koop Slammat van Makassar(20/04/1706).

³⁸ NG Kerk Kaapstad Doopinskrywings: Titus Jacobsz en sy vrou Johanna was baie invloedryk in die Kaapse gemeenskap, en het by 'n groot aantal dope as getuies opgetree 1710-1734.

³⁹ Resolusie van die Politieke Raad (22 Des 1722): C. 62, pp. 22-35.

⁴⁰ Resolusie van die Politieke Raad (24 Nov. 1722): C 61, pp27-34.

Daar word nêrens na Jonker van Makassar verwys onder enige ander naam nie; net so word daar ook nêrens gedurende die prins se hofsaak, of andersins, na hom verwys as "Jonker van Makassar" of "visserman" nie.

Dit klink ook onwaarskynlik dat vissers uit 'n klein gemeenskap meer as 'n maand sou sloer om 11 handtekeninge in te samel vir 'n saak wat letterlik vir hulle lewensbelangrik was. Die omstandighede suggereer dus dat die prins lank reeds op Robbeneiland was ten tye van die peticie se ondertekening deur Jonker van Makassar.

Rosetta van Java

Geen duidelike dokumentêre bewys kon gevind word van presies wanneer Adolph se Indonesiese ouers na die Kaap gekom het nie. Rosetta was wel na haar vrystelling c 1717/8 die eienaar van die vryswart Rosetta van Bengale wat in 1742 getrou het met die voormalige slaaf Aron (Arend) van Balij.

In hierdie Rosetta van Bengale se eerste testament⁴¹ (1739) word bogenoemde slaaf Aron van Bali asook haar gewese eienaar Rosetta van Boegies (*sic*) se twee seuns, Adolph Jonker en Jacob Janse genoem as erfgename. In 1742 nadat Rosetta van Bengale met Aron van Balij getrou het, het Adolph Jonker op sy beurt borg gestaan vir die bevryding van Aron van Balij se slaaf Corydon van Bengale⁴².

In Rosetta van Bengale en Aron van Balij se gesamentlike testament (1747)⁴³ word haar 1739 testament herroep en bemaak sy 'n som geld aan al haar gewese eienaar Rosetta van Boegies (*sic*) se nagelate kinders. Hierdie boedel is oënskynlik in 1757 beredder, vermoedelik na die afsterwe van Aron van Balij.

Dit is duidelik dat Adolph Jonker se ma die slawe eienaar was waarna in hierdie boedels verwys word.

Toponieme

Navorsing het verwysings onthul na talle verskillende Rosettas aan die Kaap oor die tydperk hier ter sprake. Ten spyte van die feit dat meer as een toponeiem soms gebruik is om na dieselfde persoon te verwys - en daar ook verskeie persone was met dieselfde noemnaam en toponeiem - laat noukeurige analise mens steeds toe om tussen die verskillende individue onderskeid te kan tref.

Jonker van Makassar se eggenoot was Rosetta van Java^{44 45 46}, soos hy self ook na haar verwys het in sy testament. Sy is egter ook per geleentheid deur ander genoem "van der Caap"⁴⁷, "van Boegies"⁴⁸ of "van Makassar"⁴⁹. Sy was dus ongetwyfeld van Indonesië afkomstig, heel moontlik van Bugis in Sulawesi, vanwaar haar familie moontlik weggevoer kon gewees het na Java en sy later na die Kaap.

⁴¹ Testament: Rosetta van Bengale (30 Mei 1739). CJ 2609:6 1739. Kaapstad argief.

⁴² LEIBBRANDT H.C.V. (1896). *Precis of the Archives, Requesten (Memorials) 1715-1806*:1742, no32.

⁴³ Testament: Rosetta van Bengale (18 Des 1747). CJ 2658:48 1747; MOOC 7/1/10 - 37. Kaapstad argief.

⁴⁴ HEESE H., Opgaafrrol vir Kaapstad en Distrik (1721). Kaapstad Argief.


⁴⁵ Bundel VC 50 – Monsterrollen – Vrije Lieden : 1726 – 1733. Kaapstad Argief.

⁴⁶ SHELL R. *Slave Transactions 1658-1731*: Rosetta van Java verkoop September van Manda (8/11/1730).

⁴⁷ SHELL R., *Changing Hands Census, 1719*, Opgaat KA 4060 (April 1720). Kaapstad Argief.

⁴⁸ Testamente: Rosetta van Bengale CJ 2609:6 1739 en CJ2658:48 1747. Kaapstad argief

⁴⁹ HEESE H. (1979), Opgaafrolle vir Drakenstein, Kaapstad en Distrik (1723, 1724, 1725)



Voorbeeld van HOIK Handelsroetes om die Kaap⁵⁰

In Prins Mamoedi van Ternate (oftewel Ketees Malocco) se aansoek om vrystelling van sy 3 kinders⁵¹ in 1733 word na hulle moeder verwys as sy slavin Rosette van Ceijlon - 'n eiland aan die suid-ooskus van Indië, nou Sri Lanka. Daar word wel in 'n vroeër doopinskrywing na haar verwys as "Rosetta van Batavia"⁵², wat die hoofstad van die HOIK handelsroete was waardeur sy heel moontlik sou gereis en/of vertoef het onderweg na die Kaap.

Geen logiese verklaring kan egter gegee word waarom 'n persoon oorspronklik van Indonesië soms 'n toponiem "van Ceijlon" sou kry nie. Dit strook dus nie dat daar ooit na Rosetta van Java / Boegis / Makassar addisioneel verwys sou word as komende van "Ceijlon" nie.

Gesinslewe

Danksy Jonker van Makassar se testament ken ons die name van sy en Rosetta se kinders en is dit duidelik dat hulle in 1727 steeds 'n Moslem familie was. 'n Portugees-Hollandse tolk spel die kindername soos hy dit van Jonker hoor: Jacob (Jansz, 'n voorkind van Rosetta – "haar kind" genoem in Jonker se testament) en Jonker en Rosetta se 3 eie kinders: Adol Jolle (Abdul lah), Jamela en Raja (Raija). Dit verklaar dan ook hoekom daar tot en met 1727 geen huweliks- of doopinskrywings vir hierdie gesin in die NG kerkrekords voorgekom het nie.

Addisioneel tot die voorkind van Rosetta het sy en Jonker van Makassar dus 3 vrygebore kinders gehad:

- Abdullah gebore c Okt. 1718⁵³, gedoop Adolf op 25 Jan 1733⁵⁴ op 14 jarige ouderdom

⁵⁰ PEMBERTON S., Handelsroetes, kaart. <http://www.w3.org/2010/Talks/06-24-steven-open-source/> (soos op 22/02/2015).

⁵¹ Resolusie van die Politieke Raad (11 Feb. 1733) C. 91, pp. 108-117.

⁵² NG Kerk Kaapstad Doopinskrywing: Rosetta van Batavia doop haar dogter Johanna, slawekind van Katsili Daÿan Mamoedy, Prins van Ternate - geen vader word benoem nie. (14/02/1717)

⁵³ Eedboek, C. 678. (16 Okt. 1734). (16-Jarige Adolph Jonker lê die eed van getrouheid af en hy word burger van die Kaap).

⁵⁴ NG Kerk Kaapstad Doopinskrywing: Bejaarde doop van Adolf (25 Jan 1733)

- 2 Dogters Jamela en Raja gebore 1722-1724, só bekend tot na Jonker van Makassar se dood toe die familie die Christelike geloof aanneem en hulle deur hul moeder as Johanna (oudste) en Catharina (jongste) gedoop word op 2 Des 1731⁵⁵. Hulle sou toe dus ongeveer 7 en 9 jaar oud gewees het.

Die verbande Prins Mamoedi van Ternate se slavin Rosette van Ceijlon het 4 slawe kinders gehad, waarvan die laaste 3 oënskynlik syne was:

- Halfslag slavin Johanna gebore omstreeks Januarie 1716 van onbekende Europese vader, vrygestel 14 Jan. 1717⁵⁶ deur haar eienaar Daijman Catchiri Mamoedi van Ternate op eenjarige ouderdom en gedoop deur haar moeder 'n maand later⁵⁷.
- 3 Slawe kinders gebore tussen 1717-1722: Amel, Talie en Adel. Hulle is 11 jaar later eers vrygestel in 1733⁵⁸ op hul vader Prins Mamoedi se versoek terwyl hy in gevangenisskap was.

In teenstryding met Prins Mamoedi van Ternate, was beide Jonker van Makassar en sy vrou Rosetta beide teen 1733 reeds oorlede^{59,60}

Let veral daarop dat al drie Prins Mamoedi van Ternate se kinders steeds tot 1733 slawe was, terwyl beide Jonker van Makassar en sy vrou Rosetta van Java reeds sedert c 1717/8 vrygestel was, dat hulle kinders vry gebore was, jaarliks as vry persone in die opgaafrolle opgeneem is en dus geen vrystelling uit slawerny benodig het in 1733 nie. Dit opsigself bewys onteenseglik dat die vrygestelde slaaf Jonker van Makassar en sy kinders totaal verskillende persone as die verbande Prins Mamoedi van Ternate en sy kinders met sy slavin Rosette van Ceijlon was.

Opgaafrolle

Jonker en Rosetta kom nie in die 1716 opgaafrol as vry persone voor nie, maar beide word in die 1719 en 1721 opgaafrolle⁶¹ gelys as vry persone, met geen dogters en 2 seuns (Jacob Jansz/e en Adolph).

Mortaliteit was hoog in hierdie tyd aan die Kaap, en siektes soos die 1713 pokke epidemie het verwoesting gesaai. Een van Jonker en Rosetta se dogters is blykbaar jonk oorlede, want in die 1724 opgaafrolle word hulle gelys met 2 seuns en 3 dogters, maar in die 1725 opgaafrol slegs met 2 seuns (Jacob Jansz, Adolph Jonker) en 2 dogters (Jamela en Raja, later bekend as Johanna en Catharina Jonker).⁶²

Gedurende die prins se lang ballingskap op Robbeneiland sedert November 1722, word Jonker van Makassar steeds in die Kaapse opgaafrolle en monsterrolle opgeneem. Indien hy werklik die prins op Robbeneiland was, sou dit natuurlik nie die geval gewees het nie. Verder was die prins ook steeds op Robbeneiland toe Jonker van Makassar tuis en siek in sy bed, sy testament opgetrek het in 1727.

⁵⁵ NG Kerk Kaapstad Doopinskrywing: Rosetta van Java se twee dogters Johanna en Catharina (2 Des 1731)

⁵⁶ Slawe vrystelling: 14 Jan 1717, Slavin Johanna van der Kaap, ID nommer 3252, ouderdom 1 jaar. Kaapstad Argief Hof van Justisie 3074, te <http://www.Ancestry24.com> (soos op 17/08/2013).

⁵⁷ NG Kerk Kaapstad Doopinskrywing: Rosetta doop haar vrygestelde slawe kind Johanna (14 Feb. 1717).

⁵⁸ Resolusie van die Politieke Raad (11 Feb. 1733) C. 91, pp. 108-117.

⁵⁹ Testament (1727): CJ 2604:05 vir Jonker, van Maccassar. Kaapstad Argief

⁶⁰ HEESE H., 1979, Opgaafrolle vir Kaapstad en Distrik (1731), Kaapstad Argief.

⁶¹ HEESE H., (1979), Opgaafrolle vir Kaapstad en Distrik (1719, 1721). Kaapstad Argief.

⁶² HEESE H. (1979), Opgaafrolle vir Drakenstein, Kaapstad en Distrik (1724, 1725). Kaapstad argief.

Afsterwe

In 1727 sterf Jonker van Makassar tuis in Kaapstad voor 20 Oktober 1727 toe sy boedel ingehandig is vir afhandeling. Hy was reeds bedlêend toe hy sy testament opstel op 24 Januarie 1727. Dit blyk dat Jonker nie Hollands goed magtig was nie aangesien hy 'n Portugees-Hollandse tolk benodig het om sy testament op te stel. Dit was nie ongewoon vir 'n persoon van Makassar om Portugees magtig te wees nie. In die 15de eeu het Makassar Portugal se hoof handelspos geword, kompleet met 'n permanente Portugese woongebied vir handelaars.⁶³

Die verbande prins is na Robbeneiland verban en daar gevange gehou vir 25 jaar vanaf 28 Nov. 1722 tot met sy dood in 1747^{64,65}, 20 jaar na die dood van Jonker van Makassar. Die verbande prins is gereeld aangeteken in die Robbeneiland bandietrolle as "den sogenaannden Prins van Ternaaten"⁶⁶.

Kerstening

Na Jonker van Makassar se dood in 1727 hertrou sy weduwee Rosetta met Arij Bastiaans van Ceijlon en in die volgende 3 jaar neem sy die Christelike geloof aan. Op 24 Sept. 1730 doop Rosetta haar en Arij se seun Johannis⁶⁷ (vgl. Heese: Johannes Bastiaans). Op 14 Januarie 1731 doop sy nog 'n seun, Adriaan Bastiaans⁶⁸. In die 1731 opgaafrol⁶⁹ woon beide ouer seuns Adolph Jonker en Jacob Janse steeds saam met hul stiefpa Arij Bastiaans van Ceijlon en hulle 2 halfbroers en 2 susters.

Op 2 Des 1731 doop Rosetta ook haar twee jong dogters: Johanna die oudste, en Catharina jongste, voorheen bekend as Jamela en Raja, op min of meer 7 en 9 jarige ouderdom⁷⁰.

Bietjie meer as 'n jaar later, op 25 Jan 1733, vind daar 'n 'volwasse doop' plaas van 'n persoon genaamd Adolph⁷¹. Die skrywers glo dit was die 14 jarige Adolph Jonker, voorheen 'n Moslem seun bekend as Abdul(lah). Dit klop met navorsing wat aandui dat 'volwasse' in terme van doop⁷² so jonk as 12 of 14 jaar kon gewees het. Dit was ook die ouderdom waarop jong seuns kon gaan werk, byvoorbeeld as skeepsjongens.

Rosetta Sterf

Minder as 'n maand na haar twee jong dogters se dope is Rosetta oorlede. Aan die einde van 1731 word Bastiaans van Ceijlon (Arij) en 6 kinders sonder Rosetta in die opgaafrol aangeteken⁷³. Arij Bastiaans hertrou op 30 Maart 1732 met Pieter Nel van die Kus⁷⁴ in die NG Kerk Kaapstad.

⁶³ RAMERINI M., *Colonial Voyage - Makassar and the Portuguese*. <http://www.colonialvoyage.com/makassar-portuguese/> (26/02/2015)

⁶⁴ WORDEN N. & GROENEWALD G. (Editors) 2005, *Trials of Slavery: Selected Documents Concerning Slaves from the Criminal Records of the Council of Justice at the Cape of Good Hope, 1705-1794*. Kaapstad: Van Riebeeck Society.

⁶⁵ DEACON H., (editor, 1996). *The Island: A History of Robben Island, 1488-1990*. Kaapstad: David Philip Publishers.

⁶⁶ Robbeneiland Bandietrolle 1728-1795: CJ3188. Kaapstad Argief.

⁶⁷ NG Kerk Kaapstad Doopinskrywing: Rosetta van Java en Bastiaen van Ceijlon se seun Johannis (24/09/1730)

⁶⁸ NG Kerk Kaapstad Doopinskrywing: Rosetta van Java en Bastiaan van Ceijlon se seun Adriaan (14/01/1731)

⁶⁹ HEESE H., 1979, Opgaafrolle vir Kaapstad en Distrik (1731), Kaapstad Argief.

⁷⁰ NG Kerk Kaapstad Doopinskrywing: Rosetta van Java se twee dogters Johanna en Catharina (2 Des 1731)

⁷¹ NG Kerk Kaapstad Doopinskrywing: Bejaarde doop van Adolf (25 Jan 1733).

⁷² KELLER, C., 2014. Persoonlike korrespondensie.

⁷³ HEESE H., 1979, Opgaafrolle vir Kaapstad en Distrik (1731), Kaapstad Argief.

Geen verwantskap tussen Jonker en Prins

Die historiese rekord toon dus dat Jonker van Makassar en die verbane Prins Mamoedi van Ternate asook hulle gades verskillende persone van verskillende geografiese herkomste was, met radikaal verskillende waardes en lewenswyses.

Die toevallige ooreenkoms tussen hierdie twee individue is bloot dat hulle min of meer in dieselfde tydvak geleef het en dat beide betrokke was by vrouens genaamd "Rosetta", wat elk 'n dogter "Johanna" gedoop het, alhoewel bykans 15 jaar uitmekaar (Feb. 1717 vs. Des 1731).

Johanna Jonker (*c 1722/3) het in 1762 'n seun Johannes Olckers, gehad. Vir Johanna van die Kaap (*1716) om die moeder te gewees het, sou sy 46 jaar oud moes wees met haar eersteling se geboorte - hoogs onwaarskynlik in daardie tydperk.

Ter samevatting:

Jonker van Makassar		Prins Catchiri Daijman Mamoedi van Ternate, ook genoem Ketees Malocco.
Gade	Eggenoot Rosetta van Java	Slavin Rosette van Ceijlon
Herkoms	Vrygestelde slaaf van Makassar. Vrygestel tussen Jan 1717 en Mei 1718.	Verbane familielid van die koning van Ternate. Na die Kaap verban in Jan 1704.
Oorlede	Sterf in 1727 tuis in Kaapstad voor 20 Okt. toe sy boedel ingehandig is vir afhandeling.	Sterf op Robbeneiland in gevangenisskap 1747 .
Werk & verblyf	Woon en werk as visserman aan die Kaap tot met sy dood in 1727. Onderteken 'n bekende visserman petisie as "Jonker van Makassar", voorgelê aan die Kaapse Raad op 22 Desember 1722. Kom saam met sy gesin in die Kaapse opgaafrolle en monsterrolle voor vanaf 1719 tot met sy dood in 1727, <i>nie</i> na 1727 nie. Sy weduwee Rosetta van Java hertrou met Bastiaen van Ceijlon.	Het o.a. 'n bordeel bedryf en homself aan sulke ernstige kriminele en onsedelike bedrywigheede skuldig gemaak dat hy gevennis is tot lewenslange gevangenisskap op Robbeneiland vanaf 28 Nov. 1722 tot met sy dood in 1747 . Nêrens word daar tydens die hofverrigtinge of andersins na hom verwys as "Jonker van Makassar" of "visserman" nie. Met die voorlegging van die bekende visserman petisie was hy reeds bykans 'n maand op Robbeneiland.
Kinders	3 Vrygebore kinders: <ul style="list-style-type: none"> • Abdullah gebore ~Okt. 1718, gedoop Adolf op 25 Jan 1733. • 2 Dogters Jamela en Raja gebore 1722-1724, gedoop Johanna en Catharina op 2 Des 1731. (plus 'n ouer stiefseun Jacob Jansz/e wat Jonker as sy eie grootgemaak het - 'n voorkind van sy vrou Rosetta van Java)	3 Slawe kinders: <ul style="list-style-type: none"> • 3 Slawe kinders gebore tussen 1717-1722: Amel, Talie en Adel. Hulle is 11 jaar later eers vrygestel op 24 Apr. 1733 op hulle vader se versoek tydens sy gevangenisskap. Hul moeder was toe steeds 'n slavin. (Rosette van Ceijlon het ook 'n halfslag dogter in 1716 gehad wat in 1717 vrygestel is en as Johanna gedoop is)

⁷⁴ NG Kerk Kaapstad Huweliksinskywing: Bastiaen van Cijlon vrijgebore Chingalees, met Piternaella, van de West Cust, vrijswartin. (30 Maart 1732).

Adolph Jonker

Ons weet Adolph Jonker is aan die Kaap gebore omstreeks Oktober 1718, want hy lê op 16 Oktober 1734 as 16 jarige die eed van getrouheid⁷⁵ af en word ‘burger’ van die Kaap. Volgens ’n besluit van die Politieke Raad op 18 Okt. 1708⁷⁶ moes seuns regstreer as burgers sodra hulle 16 jaar oud word. Hulle het slegs ses weke na hul 16e verjaarsdag grasie gehad om hulle te laat inskryf as burgers en sou beboet word as hulle dit nie binne hierdie tydperk doen nie.

Adolph sou dus gebore gewees het tussen 4 Sept. 1718 en 16 Oktober 1718. Dit klop goed met die feit dat hy vrygebore was en dat sy vader Jonker van Makassar vrygestel is tussen Januarie 1717 (afwesig in 1716 opgaafrol) en Mei 1718, toe hy as vry persoon ’n slawetransaksie aangaan.

Adolph was dus die oudste biologiese kind van Jonker van Makassar en Rosetta van Java. Sy het ook ’n voorseen gehad Jacob Jansz vir wie Jonker van Makassar as sy eie grootmaak het.

Volgens Jacob Jansz “van Amsterdam” se huweliksinskrywing⁷⁷ op 15 Okt. 1741 met Emerentia Schot, dogter van welgestelde vryswarte Robbert Schot van Bengale, wil dit voorkom of hy die seun was van ’n Nederlander van Amsterdam. Hoeveel kontak hy gehad het met sy Nederlandse vader is onduidelik, maar hy is van kleins af as Jacob Jansz bekend, en dit blyk dat hy sterk geïdentifiseer het met sy deels-Nederlandse herkoms. Daar het ’n menigte HOIK amptenare met die naam en/of van Jansz / Jans / Janse / Jansen aan die Kaap aangedoen in die vroeë 1700’s, sommige herhaaldelik, een van hulle sou waarskynlik sy vader gewees het.⁷⁸

Opvoeding

Adolph Jonker sou die Kaapse skool bygewoon het. Lambertus Slicher van Middelburg was ’n diep gelowige man en rektor van die skool vanaf 1714. Hy is opgevolg in 1719 deur ‘adelborst’ Adolph Hofman⁷⁹, aanvanklik as assistent onderwyser en later ten volle in sy plek aangestel in 1723. Adolph Hofman sou dus Adolph Jonker se onderwyser gewees het en dit wil voorkom asof Jonker ’n entoesiastiese leerling was met Hofman ’n inspirerende onderwyser. Die skool en godsdiens onderrig wat Adolph ontvang het, het ’n duidelike en blywende invloed op hom gehad, te oordeel aan sy keuse van loopbaan - onderwyser en koster van die Drakensteinse gemeente.

Adolph Hofman het in 1723 getrou met Catharina Jacobs van die Kaap, weduwee van Jan Verbeek (’n mede visserboot eienaar). Sy het ook saam met Jonker van Makassar die 1722 visvang petisie onderteken.

Daar was dus sosiale bande op verskeie vlakke tussen die Jonker en Hofman gesinne en dit is moontlik dat Hofman die inspirasie kon wees vir Adolph se latere keuse van voornaam tydens sy volwasse doop in 1733⁸⁰. Sy jongste suster kon moontlik na bg. Catharina vernoem gewees het.

⁷⁵ Eedboek, C. 678. (16 Okt. 1734). (16-Jarige Adolph Jonker lê die eed van getrouheid af en hy word burger van die Kaap).

⁷⁶ Resolusie van die Politieke Raad (18 Okt. 1708): C.26, pp 107-109.

⁷⁷ NG Kerk Kaapstad Huweliksinskrywing: Jacob Janse (James Jansen) van Amsterdam en Emerentia Schot (15 Okt. 1741).

⁷⁸ Nationaal Archief Nederland: VOC Sea-voyagers. <http://vocseavoyagers.nationaalarchief.nl/search.aspx> Soekbare databasis. (soos op 28/02/2015)

⁷⁹ Resolusie van die Politieke Raad (21 Sept. 1728) Voetnota [5].

⁸⁰ NG Kerk Kaapstad Doopinskrywing: Bejaarde doop van Adolf (25 Jan 1733).

Adolph Jonker en sy Gesin

In die 1735 opgaafrol⁸¹ bly Adolph en sy ouer half-broer Jacob Jansz as enkel persone bymekaar of langs mekaar in Kaapstad .

Die 1738 opgaafrol⁸² lys 'n Abdul Jonker alleenlopende man - vermoedelik die 20-jarige Adolph. Die sensus opnemer het hom waarskynlik vroeër geken as Abdul en dit so aangeteken. Hierdie opgaafrol teken ook Jacob Jansz as enkel man en Arij Bastiaansz met sy 2de vrou Piternel van die Kus saam met die 4 jonger kinders van Rosetta van Java aan.

Op 26 Junie 1740 trou Adolph Jonker met Maria Piaternella Langeveld, dogter van Pieter Pietersz Langeveld (soldaat) en Cornelia Jacobs van die Kaap⁸³. Hulle doop hul eersteling Adriaan tien maande later op 30 April 1741 in die Groote Kerk, Kaapstad⁸⁴.

Adolph Jonker en Maria Piaternella Langeveld het tussen 1741 en 1760 tien kinders gehad. Almal behalwe die eerste kind is in die Drakenstein gemeente gedoop⁸⁵ en vernoem na familielede, hegte vriende of persone wat beduidend was in hulle lewens – dikwels teenwoordig as doopgetuies:

Datum	Naam	Doopgetuies
30/04/1741	Adriaan 1	Arij Bastiaanse en Piaternella van die Kust, Adolph se stiefouers. Hierdie kind is vermoedelik jonk oorlede.
15/12/1743	Adolph	Arij Bastiaanse, Adolph se stiepfa en Cornelia Jacobs, Adolph se skoonma.
28/11/1745	Pieter	Jacob Jansen van Amsterdam, Adolph se ouer half-broer en sy vrou Emerentia Schot.
27/08/1747	Johanna	Jacobus Langeveld, Adolph se swaer (Maria Langeveld se broer) en Johanna Jonker, Adolph se oudste suster.
29/06/1749	Johannes 1	Johannes Bastiaanse, Adolph se half-broer en Johanna Jonker, Adolph se suster). Hierdie kind ook vermoedelik jonk oorlede.
22/11/1750	Jacobus	Johannes Bastiaanse, Adolph se half-broer en Barendina van Graan (eerste vrou van Jacobus Langeveld - Adolph se swaer)
18/11/1753	Adriaan 2	Adriaan Bastiaanse, Adolph se half-broer en Catharina Jonker, Adolph se jongste suster; asook Christoffel Voogt en Anna Maria Frick
12/10/1755	Daniel	Johann Braun Olkers (Adolph se suster Johanna se man), asook vriende Daniel Duringh/Duuring (mede visserman wat saam met Jonker die 1722 visserman petisie onderteken het) en Cornelia Josina Duringh - broer en suster. Op dieselfde dag trou Adolph se suster Johanna met Johann Braun Olkers
16/04/1858	Michiel	Zybrant Vermeulen, Fransina Groenewald, vriend Michiel Duringh (vader van visserman Daniel Duringh/Duuring) en Maria Cornelia Rijk.
21/09/1760	Johannes 2	Johannes Hendricus Coetze & Sara van Graan (Adolph se skoonsuster Barendina se ouer suster), asook Johannes van der Wat en Anna Cornelia Volschenk.
16/05/1762	Johannes Adolph	Adolph se suster Johanna Jonker en haar Duitse geneesheer man Johan(nes) Braun Olckers, van Rendsburg, Duitsland, doop hulle enigste kind Johannes Adolph(us). (Doopgetuies: Adolph Jonker en sy vrou Maria Petronella Langeveld)

⁸¹ HEESE H., OpgAAFrol vir Kaapstad en Distrik (1735), rekords 312 en 313. Kaapstad Argief.

⁸² HEESE H., OpgAAFrol vir Kaapstad en Distrik (1738). Kaapstad Argief.

⁸³ NG Kerk Kaapstad Huweliksinskrywing: Adolf Jonker, van Cabo de Goede Hoop burger alhier jongman, met Maria Piaternella Langveld van Cabo voorn: jonge dochter. (26 Junie 1740)

⁸⁴ NG Kerk Kaapstad Doopinskrywing: Adriaen, de ouders Adolph Jonker, en Maria Piaternella Langeveld, de getuijgen Arij Bastianze, en Piaternella van de Cust. (30 April 1741).

⁸⁵ NG Kerk Drakenstein, Doopinskrywings 1743-1762.

Adolph was op 20 Junie 1745 aangestel as beide onderwyser en koster van die Drakensteinse gemeente⁸⁶. Hy beklee die amp as onderwyser vir 17 jaar tot 5 Mei 1762. Daarna wil dit voorkom asof hy op kleinskaal begin boer het op stukkies grond wat hy tussen 1752 en 1779 gekoop het⁸⁷. Ten tye van sy dood het hy 130 bokke, 15 beeste, en 'n ryperd besit.

Adolph was ook 'n belese man. Ten spyte daarvan dat boeke in daardie jare skaars was, sluit sy boedel 20 werke in oor 'n verskeidenheid onderwerpe, asook twee Bybels⁸⁸.

Samevatting

Adolph Jonker (1718–1779) is die eerste nie-Europese Afrikaner stamvader wat deur middel van Y-DNS analise positief as sodanig bevestig is.

Sy ouers was die twee vrygestelde slawe, visserman Jonker van Makassar en sy vrou Rosetta van Java⁸⁹, beide van Nederlands Oos-Indië (hedendaagse Indonesië). Hy was die tweede oudste seun in hierdie Moslem familie en vir die eerste 14 jaar van sy lewe bekend as Abdullah.

Adolph se lewe was nie sonder hartseer nie. Sy vader Jonker van Makassar is oorlede toe hy slegs 9 jaar oud was en 4 jaar later, as 13 jarige seun, staan hy ook sy moeder Rosetta van Java aan die dood af. Hegte familiebande het egter bly voortbestaan tussen Adolph en sy uitgebreide familie en hulle tree oor en weer vir mekaar op as doopgetuies by kinderdope.

As navorser kry mens tydens die lees van die menigte publikasies en dokumente 'n sterke gewaarwording dat Adolph 'n intelligente en diep gelowige familieman was met deernis vir sy medemens. Ten spyte van sy nederige vryswart agtergrond word hy 'n gerespekteerde lid van die Kaapse gemeenskap en voorouer van die talryke Suid-Afrikaanse JONKER familie.

Tradisioneel word Suid Afrikaanse stamvaders beskou as die eerste bekende manlike persoon van 'n bloedlyn wat hom aan die Kaap gevestig het. Vanweë die onsekerheid wat voorheen rondom die identiteit van Adolph Jonker se ouers geheers het, is Adolph tot dusver as die JONKER stamvader beskou. Nou dat Jonker van Makassar egter sonder twyfel onthul is as sy vader, verwag die skrywers dat die "titel" van JONKER stamvader voortaan aan hom sal behoort.

Bedankings

- Dr Hans Heese vir sy nagaan en proeflees van hierdie artikel.
- Wyle prof. Robert Shell wat waardevolle bronmateriaal onbaatsugtig met ons gedeel het.
- Dr Tatiana Karafet vir haar belangstelling en bereidwilligheid om haar nuutste navorsing met ons te deel, selfs voor publikasie.
- Dr. Koos Jonker en Hennie Jonker, vir hulle bereidwilligheid om hulle DNS te laat ontleed vir ons navorsing en aan Jaco Strauss se *Kaaps-Hollandse Y-DNS Projek* deel te neem.
- Hetta Pieterse vir haar transkribering van die Drakenstein doopinskrywings van Adolph Jonker se kinders, asook verskeie testamente in die Kaapstad argief.
- Johan van Breda vir die naslaan van boedel en monsterrol informasie in die Kaapstad argief.
- Corney Keller en Johann Ahlers vir hul waardevolle insette.

⁸⁶ NG Kerk Paarl, Notule 1731-1784.

⁸⁷ LEIBBRANDT H.C.V. (1896). *Precis of the Archives, Requesten (Memorials) 1715-1806*: 1752 no 75.

⁸⁸ Boedel: Adolph Jonker, Koster van Drakenstein: MOOC 8/17.51. (20 Feb. 1779) Kaapstad Argief.

⁸⁹ Resolusie van die Politieke Raad (22 Des 1722): C. 62, pp. 22-35. Voetnota: "[13] Jonker van Macassar was 'n vrygestelde slaaf, en was getroud met Rosetta van Java. Hy is in 1727 oorlede. (Sien M.O.O.C.7/4: *Testamenten*, 1726-1735, no. 33.)